



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK DANABAAI

Bankbesonderhede: ABSA

Rek: 4059113680 Takkode: 334 214

Posbus 10611 A Distansstraat 20 Tel nr.: 044 698-1977
Danabaai 6510 Danabaai Faks nr.: 0866013579
ngkerkdanabaai@absamail.co.za
<http://www.ngkerkdanabaai.co.za>

Ds. J.W. Geldenhuys, A Comosa 30, Danabaai,
w.g@telkomsa.net Tel nr. 044 698-1774, Sel nr. 072 326-0901

GEAGTE LIDMAAT

Soos wat jy sekerlik weet is afgekondig dat gemeentes weer eredienste kan hou, maar dat dit onder streng regulasies kan geskied. Met die eerste hoor hiervan was ek baie opgewonde om darem net weer, al is dit net met 50 mense saam, 'n erediens te kan hou. Maar soos wat die tyd gevorder het, het ek al meer tot die besef gekom dat dit nie sommer net 'n maklike en gemaklike saak is nie. Daar is soveel wat in gedagte gehou moet word ten opsigte van ons gesondheid en veiligheid.

Al meer het ek gehoor dat ons lidmate die volgende sê:

- * Ons is almal in die ouderdomsgroep van bo 60, en daarom in die hoë risikogroep. Trouens daar word 'n beroep op persone ouer as 60 gedoen om ekstra versigtig te wees.
- * Ons is nog nie eens naby die hoogtepunt van die verspreiding van die virus nie, die ergste lê nog voor.
- * Dit is nou winter en dit maak die verspreiding in die koue tyd nog meer gevaarlik.
- * Baie van ons het ook onderliggende mediese probleme wat ons net meer kwesbaar maak.

In die lig hiervan het ons hele Kerkraad 'n telefoniese vergadering gehad om die saak te bespreek. Elke lid van die kerkraad het geleentheid gekry om sy opinie te gee, oor of ons eredienste moet hou of, dat ons aangaan met die videopreke, whatsapps en dagstukkies.

Die eenparige besluit wat geneem is, is dat ons nie nou al eredienste gaan hê nie. Dat ons voortgaan met die videodienste, dagstukkies en whatsapp boodskappe.

Ons lidmate se gesondheid en veiligheid is baie belangrik vir die Kerkraad, en daarom het ons hierdie besluit geneem. Ons gaan van tyd tot tyd die omstandighede evalueer en dan verdere besluite neem wat ons aan jou sal deurgee.

Baie dankie vir julle begrip in hierdie moeilike tyd. In amper al die briewe aan die gemeentes in Openbaring maak die Here die belofte, dat moeilike tye nie vir altyd sal aanhou nie. Maar tot dit verby is, hou Hy ons vas, en is Hy by ons. Ek bid dat ons dit elke dag sal ervaar.

Groete, en mag die Here se genade, barmhartigheid en vrede julle lewens vul.

Ds. Wehan Geldenhuys